

Beste Boerdery Bestuurspraktyke Handleiding vir Wolskaapboerdery in die Winterreënsaai gebied

WES-KAAP

Die HANDLEIDING fokus hoofsaaklik op Beste Praktyke in die Boerdery om **reproduksie** te verbeter met enkele notas oor **finansiële bestuur** wat belangrik is vir jou om bestuursbesluite te kan maak. Dit is egter belangrik om dit te gebruik saam met nuttige inligting wat verskyn in die “Riglyne vir Veeboerdery” wat uitgegee word deur die NWKV. “Die Wolboer”, aan NWKV lede, verskaf ook waardevolle inligting.



Abraham Landman
Produksie-Adviseur Wes-Kaap
Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika
Sel: 071 600 1990 of abraham@overbergwireless.co.za

INHOUDSOPGAWE

	<u>Bl.</u>
A. Finansiële Bestuur	3
A.1. Likiditeit.....	3
A.2. Beste Praktyke vir Kontantvloei (likiditeit) bestuur.....	4
1. Begrotings.....	4
2. Tipe lenings.....	4
3. Impulsiewe aankope.....	4
4. Eie vergoeding / Leefwyse.....	4
B. Reproduksie	6
B.1. Ram aankope.....	6
B.2. Koggeltyd.....	7
B.3. Ram Bestuur.....	7
B.4. Ooi Bestuur.....	8
1. Voor paring.....	8
2. Tydens Paring.....	8
3. Mid-dragtigheid.....	8
4. Laat-dragtigheid.....	9
5. Lamtyd.....	9
6. 6-Weke na lam – Speen.....	9
B.5. Voeding.....	10
B.6. Gesondheid.....	10
C. Voervloeibepanning	11
C.1. Voervloeibepanning.....	11
C.2. Kruipvoer.....	12
C.3. Voerkrale.....	12
D. Bestuur van Veeverliese	13

E.	Bestuur van Wolskeersel	14
E.1.	Voordele van mid-somer skeer.....	14
E.2.	Vorbereiding vir skeer.....	14
E.3.	Inspeksies voor skeer.....	15
E.4.	Verpakking.....	15
E.5.	Skeerhok higiëne.....	15
E.6.	Ontsmettingsprosedure.....	15
E.7.	Volgorde van skeer.....	16
F.	Besoedeling (Clip Fault) advies	17
G.	Belangrike inligting: Riglyne vir veeboerdery	18

A. FINANSIËLE BESTUUR

Die finansiële bestuur van jou boerdery is die kruks van die saak waar rondom alles draai. Landbou of boerdery is nie meer net 'n voortbestaan aksie nie, maar is 'n WETENSKAP en 'n BESIGHEID. Die wetenskap van skaapboerdery is goed bekend aan ons soos reproduksie, gesondheidsbestuur en voeding en volg 'n paar riglyne in hierdie handleiding.

Die finansiële aspek van die boerdery is baie wyer, maar ons gaan hoofsaaklik net fokus op die volgende drie aspekte, as riglyne vir jou bestuursbesluite.

A.1. Likiditeit

Likiditeit dui op die voortdurende vermoë van 'n boerderyonderneming om betyds al die lopende kort-termynbetalings en –verpligtinge wat vir die voorsetting van die boerdery se bedrywighede nodig geag word, na te kom, asook om middele te verkry om uitbreidings- en winsmoontlikhede te benut (*Finansiering-en-die-boer*).

Die likiditeitsverhoudings word uit jou Balanstaat bereken en is dus 'n statiese verhouding of met ander woorde dit weerspieël die stand van sake op 'n spesifieke datum. Die belangrikste likiditeits verhoudings is:

Bedryfsverhouding

Dit is die verhouding tussen die bedryfsbates en bedryfslaste (kortermyn verpligtinge) van die boerdery. Dit dui op die mate waartoe bedryfslaste deur kontant en die verkoop van ander bedryfsbates afgelos kan word.

$$\text{Bedryfsverhouding} = \frac{\text{Bedryfsbates}}{\text{Bedryfslaste}}$$

Duimreël: *Afhangende van die aard en risiko's van die boerdery, moet 'n verhouding van minstens 2:1 gehandhaaf word.*

Die handhawing van 'n gesonde likiditeitsposisie is noodsaaklik; dit gebeur dikwels in die huidige tydvak dat boere wat nog insolvent is, weens kontantvloei-probleme in likwidasië gedwing word.

Vuurproefverhouding

Die verhouding is dieselfde as die bedryfsverhouding, maar die bedryfsbates wat nie onmiddellik in kontant omskep kan word nie, word uitgesluit. Dit meet dus die onmiddellike likiditeit, met ander woorde of jy onmiddellik sonder om jou voorraad te gebruik, nogsteeds jou kortermynverpligtinge kan nakom.

$$\text{Vuurproefverhouding} = \frac{\text{Bedryfsbates} - \text{voorraad}}{\text{Bedryfslaste}}$$

Duimreël: *'n Verhouding van 1:1 is wenslik. 'n Te hoë verhouding dui daarop dat groot bedrae kapitaal nie produktief aangewend word nie.*

Hierdie tipe verhouding is minder van toepassing op boerdery as op ander bedrywe aangesien voorrade soos vee en landbouprodukte maklik en vinnig verkoop en in kontant omgeskakel kan word.

A.2. Beste Praktyke vir Kontantvloei (likiditeit) bestuur

1. Begrotings

Stel realistiese begrotings op (wat 'n persoonlike begroting insluit), hou daarby of maak vroegtydig aanpassings.

'n Mens kry relatief min kleinveeboere met solvensieprobleme, maar talle sukkel met likiditeit (kontantvloei). Die opstel en byhou van 'n begroting is noodsaaklik. Dit reflekteer die boer se bestuursplan vir die volgende 12 maande en word gewoonlik in Februarie gedoen as die finansiële jaar strek van Maart tot Februarie. Dit is belangrik om by die opstel van 'n begroting die invloei en uitvloei van fondse so ver moontlik met mekaar te sinkroniseer. Elke keer wanneer daar 'n groot verandering in die boerdery beplan word, moet die begrotingstydperk vanaf 1 jaar na 3 jaar tot 5 jaar gerek word.

2. Tipe lenings

Maak seker dat die terugbetaalperiode van 'n lening met die leeftyd van bate wat aangekoop word, ooreenstem.

Boere maak dikwels van die verkeerde leningstermyn vir krediet gebruik. Soos byvoorbeeld om vee op 'n oortrokke bankrekening te koop, in plaas van 'n termynlening van 5 tot 8 jaar. Dit lei tot hoër rente wat druk op kontantvloei kan plaas.

3. Impulsiewe aankope


Vermyn impulsiewe aankope. Daar is min plek vir impulsiewe besluite in 'n kleinveeboerdery. 'n Veeboerdery se kontantvloei is sensitief vir selfs relatief kleinerige finansiële impakte. Impulsiewe besluite, soos om byvoorbeeld onbepland 'n nuwe bakkie te koop, het al dikwels likiditeitsprobleme vir boere veroorsaak.

4. Eie vergoeding / Leefwyse

Leef binne die besigheid se finansiële vermoë. Wanneer 'n boer hoor dat die boerdery winsgewend is, hoor 'n mens dikwels die opmerking dat dit nie in die bankrekening gesien kan word nie. Die rede? Die persoonlike onttrekkings is meer as die boerdery wins. Die oorsaak is of 'n te klein boerdery om in die lewensbehoefte van die boer te voorsien of die trekkings is eenvoudig net te veel. Die oplossing vir 'n te klein boerdery is nie eenvoudig nie. Fyn beplanning om die boerdery uit te brei, is al oplossing. Die oplossing vir die tweede probleem is om binne 'n mens se inkomste te lewe, 'n wilsbesluit wat 'n boer moet neem.

Om te meet, is om te weet!!

EKONOMIESE STUDIEGROEPE



- 1. DOEL**
 - Bepaling van bestuurs- en ekonomiese norme
 - Produksienorme
 - Reproduksienorme
 - Ontledings van boerderyvertakkings
 - Doeltreffendheidsmaatstawwe
 - Bestuursinligting

REPRODUKSIE											
SKEUR											
WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL
1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000



- 2. VOORDELE**
 - GRATIS
 - VERTROUOLIK
 - Een maal per jaar
 - Elektronies beskikbaar
 - Bied waardevolle bestuursinligting
 - Geheelplaas benadering - Alle vertakkings word ontleed



DOELWAAK											
SKEUR											
WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL
1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000



- 3. PROSES**

STAP 1: Voltooi die studiegroep vraelys (groenvorm) per hand of elektronies.
 STAP 2: Die vorm word ontleed en groep gemiddeldes word bepaal.
 STAP 3: Vergadering waartydens resultate met groep bespreek word.



- 4. TIPE INLIGTING BENODIG**
 - Inkomste van elke vertakking
 - Kostes/Uitgawes - DAVK & OK
 - Aankope van vee
 - Veegetalle
 - Grondverdeling
 - Weidingskapasiteit / Drakrag
 - Bestuursinligting



FINANSIELE RESULTATE											
SKEUR											
WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL
1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000



- 5. FINANSIËLE RESULTATE**

Produkinkomste (Wol, Melk & Bokhaar)
 Handelsinkomste (Vleisverhandeling)
 - Vee aankope

± Kapitaalverandering (Eindwaarde - Beginwaarde van vee)
 = BRUTO PRODUKSIEWAARDE (BPW)
 - DIREK ALLOKEERBARE VERANDERLIKE KOSTE (DAVK)
 = BRUTO MARGE (BM) {BPW-DAVK}
 - OORHOOFSE KOSTE (OK)
 = NETTO BOERDERY INKOMSTE (NBI) {BM - OK}

FINANSIELE RESULTATE											
SKEUR											
WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL	WOL
1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000



Chrisna Coetsee
 Landbou-ekoonom
 NWKV
 Sel: 072 178 0795
 Faks: 086 603 5962
 E-pos: chrisna@nwga.co.za

NWKV Produksie Adviseurs
 Bloemfontein Tel. 051 447 3023
 Caledon Tel. 028 212 3160
 Carnarvon Tel. 053 382 3346
 Ermelo Tel. 017 819 3183
 Harrismith Tel. 058 622 1511
 Middelburg OK Tel. 049 802 6756

B. REPRODUKSIE

Die woord **REPRODUKSIE** is seker al tot vervelens toe bespreek. Die vraag wat by my opkom is hoekom? DIT IS BELANGRIK, en word nogsteeds onderskat. REPRODUKSIE is die hoof drywer van die **WINSGEWENDHEID** van 'n wolskaap boerdery en enige ander veevertakking. Die doel is om winsgewendheid te verhoog deur

- Rekordhouding (Meting),
- Bestuur en beplanning van boerdery, en
- Evaluering en hersiening van boerdery.

Die volgende is 'n klompie beste bestuurspraktyke met die doel om reproduksie op jou plaas te verbeter.

B.1. RAM AANKOPE

Wolprodusente moet gerus die volgende wenke by die aankoop van ramme in gedagte hou.

- ❖ Maak seker dat jou seleksiedoelwitte met die van jou teler ooreenstem.
- ❖ Ken jou teler en sy vermoëns, want jou kuddevordering is grootliks van hom afhanklik (Rondspringery tussen telers beperk die moontlikheid).
- ❖ Ramme moet vrugbaar en dekbeendig wees – dring op 'n geslagsgeskiktheid sertifikaat aan, dit is u reg. Ramme moet werklik manlike en aktiewe geaardhede hê. Die skrotale omtrek van 15 maande-oue rammetjies moet minstens 30 tot 35cm wees. Daar bestaan 'n positiewe verband tussen testis grootte van die ramme en geslagsrypheid by jong ootjies binne 'n kudde.
- ❖ 'n Ram wat een van 'n meerling is, sal oor 'n periode van tyd aanleiding gee tot 'n hoër vrugbare kudde
- ❖ Die nageslag van 'n hoogs produserende ooi is gewoonlik meer vir ons bedryf werd.
- ❖ Koop ramme betyds aan sodat hulle genoeg tyd het om voor die teelseisoen te akklimatiseer. Omgewingsverskille kan tot tydelike onvrugbaarheid aanleiding gee.
- ❖ Vermy ramme met sagte en pap testis, want ongeveer 50% van hulle het swak saadkwaliteit teenoor 5% van ramme met ferm en elastiese testis.
- ❖ Vir kudde verbetering is Blub gegewens by ramme meer belangrik as indekse.

B.2. KOGGELTYD

- ❖ Dit is 'n goeie praktyk om koggelramme vir 'n periode van 11 tot 14 dae voor paartyd, in veral die lente, te gebruik.
- ❖ Die sien, ruik en hoor van ramme is genoeg om ooie te sinkroniseer. (Onthou dat indien koggels gebruik word, hulle fisiese kontak met ooie moet maak.) Vir doeltreffende sinkronisasie moet ooie voor paartyd vir 'n periode van minstens 34 dae, maar verkieslik drie maande geen kontak met manlike diere (sluit ramlammers in) hê nie. Ooie wat vir 'n periode van langer as 17 dae aan koggels blootgestel is, kan konsepsie probleme ontwikkel.
- ❖ Die gebruik van koggels het tot die gevolg dat ooie redelik gelyk op hitte kom en gekonsentreerd sal lam. Die risiko kan versprei word en beter besetting kan verkry word deur aanvanklik slegs een-derde van die teelooie by die koggels te sit, twee dae later die volgende derde by te sit en dan na nog twee dae die res van die ooie by te sit. (Indien hierdie metode van koggel gebruik word, sal aanbeveel word dat ooie vir 14 dae gekoggel word)
- ❖ Koggelramme moet manlik, jonk en baie aktief wees. Indien dit die geval is, sal 1% koggels voldoende wees en kan ons beter konsepsies verwag.
- ❖ Koggelramme moet gereeld deur jong koggels vervang word. Hulle raak mettertyd weens 'n degenerasie van die testes lui en onaktief.

B.3 tot B.6. is kritiese praktyke waarop gefokus moet word vir reproduksiebestuur.

B.3. RAM BESTUUR

- ❖ Koop ramme BETYDS uit VRUGBARE lyne (kyk ooi potensiaal).
- ❖ Vervang 33.3% ramme jaarliks.
- ❖ Toets ramme vir siektes, vrugbaarheid en dekbehendigheid.
- ❖ Beplan entings wat koors kan veroorsaak NA paring (bv Bloutong) en bloednier en neuswurm 6 weke VOOR paar.
- ❖ Maak ramme fiks (begin geleidelik 6 weke voor paar).
- ❖ Sit ramme laatmiddag, wanneer dit koel is in vir die eerste keur aangesien ramme baie aktief is in die eerste 24 uur nadat hulle by die ooie gesit is. Dit voorkom hitte uitputting.
- ❖ Gee ramme koringkiem olie vir maksimum en gehalte saadproduksie.
- ❖ Skeer ramme 8-10 weke voor paring.
- ❖ Prikkelvoeding & Vit A vanaf 8 weke voor paar.

B.4. Ooi Bestuur

1. Voor paring

- ❖ Skot ou ooie en ooie met eierprobleme uit,
- ❖ Skeer 6-8 weke voor paring indien nodig, anders net mikskeer as wol >6 maande is.
- ❖ Entings word toegedien teen siektes soos bloutong, slenkdal, ensootiese aborsies.
- ❖ Skei ooie in twee groepe o.g.v. kondisie om verskillende voeding te gee vir groeifase,
- ❖ Ooi moet in 'n groeifase wees vir paring (prikkelbestuur) vanaf 4 weke voor paring.
- ❖ Ent Multimin 6 weke voor paar

2. Tydens Paring

- ❖ Paar jong ootjies apart, 5% ramme, aangesien jong ootjies vir korter periodes (5 tot 24 uur) op hitte kom teenoor volwasse ooie (12 tot 36 uur).
- ❖ Om maksimum besetting van jongooie te verkry moet hulle 'n kritieke liggaamsmassa (65% tot 75% van die volwasse ooie se massa) voor paring bereik.
- ❖ Paar ooie op goeie weiding.
- ❖ Paar vir 5 weke (35 dae), nie langer as 6 weke.
- ❖ Moenie met ooie lol terwyl hulle by die ram is nie.
- ❖ Vermy skeer en dip van ooie korter as ses weke voor paring en staak alle ander aktiwiteite en hantering twee weke voor paring en tot 30 dae na paring.

3. Mid-dragtigheid

- ❖ Beperk hantering in 4 weke na paring om resorpsie van die vrug te voorkom.
- ❖ Scan ooie 6-8 weke (+-42 dae) na paring – as besetting >80%, prul droë ooie.
- ❖ Ooie moet kondisie handhaaf, terwyl jong ooie se massa moet gedurende die tweede en derde maand van dragtigheid met 5% toeneem.

4. Laat-dragtigheid

- ❖ 70% van die ongebore lam ontwikkel gedurende die laaste 6 weke van dragtigheid. Liggaamsmassa toename van tussen 15 en 20% van dragtige ooie oor die periode is ideaal: 150 – 250 g/dag vir ooie met 'n enkeling fetus en 250 – 350 g/dag vir ooie met meerling fetusse.
- ❖ Ontwurm ordentlik en Multimin/-vax 6 weke voor lam
- ❖ Lam op goeie weidings
- ❖ Skei 1&2-ling ooie om apart te versorg.

5. Lamtyd

- ❖ Lamtroppe nie groter as 100. Verkieslik 50 ooie per trop. Lamvrektes is gevind verhoog met 7.5% vir elke 50 ooie waarmee die lammertrop vergroot.
- ❖ Lam 1&2-linge apart.
- ❖ Goeie voeding vir 8 weke na lam.
- ❖ Voer laat oggend (8h-12h), wat laatnag lamming verminder en verhoed dat ooie en lammers opbreek.
- ❖ Toesighouding/aandag moet verskerp word.
- ❖ Merk 2-ling lammers met spesifieke merk.
- ❖ Voldoende skuiling in winter en somer maande.

6. 6-Weke na lam – Speen

- ❖ 'Wet & Dry' ooie en skot die wat nie lammers groot maak uit.
- ❖ Let op lammers se gesondheid en behandel voor speen.
- ❖ Skuif ooie en nie lammers as speen. Los boepens lammers by ooie.
- ❖ Prul 15% swakste lammers as aftipe is.

NB: Selekteer vir reproduksie, d.w.s. kyk na scan syfers, wet & dry, boepense se ma's. Jong ooitjies moet goed uitgegroeï word en moet nie gewig verloor tot met eerste paring nie.

B.5. Voeding

- ❖ Beplan voervloei sodat ekstra aandag in Laat-dragtigheid en Lamtyd gegee kan word.
- ❖ Sinkroniseer veelading met die drakrag van die plaas (effens laer)
- ❖ Kruipvoeding aan lammers vanaf 14 dae
- ❖ Skuif ooie en lammers na beter weiding vanaf 2 maande ouderdom.
- ❖ Verskap byvoeding NADAT ooi klaar gewei het (9h-12h)
- ❖ Voldoende vreetspasie
- ❖ Moenie ooie paar wanneer lusern of medic weidings deur insekte beskadig is of met swamme besmet is nie. Gedurende die toestande produseer weidings hoë vlakke van estrogene wat 'n afname in ovulasie tot gevolg sal hê en ook kan veroorsaak dat ooie stadiger op hitte kom.

B.6. Gesondheid

- ❖ Ent jaarliks jong ootjies vir dodelike siektes, bv. Slenkdal
- ❖ Versorg ramme en ooie 6 weke voor paring en gee Vit A, ens.
- ❖ Doseer ooie 6 weke voor lam en gee Vit A, ens.
- ❖ Doseer lammers op 6-8 weke teen inwendige parasiete.

C. Voervloeiëbeplanning

C.1. Voervloeiëbeplanning

Voervloeiëbeplanning is die verskaffing van voldoende voer en is gegrond op:

- 1) Die aantal diere,
- 2) Hulle behoeftes, en
- 3) Verwagte hoeveelheid voer/weiding wat beskikbaar sal wees.

Leemtes wat dan ontstaan waar behoefte die aanbod van voer oorskry, kan aanpassings gemaak word t.o.v.:

- a) Skaapgetalle,
- b) Lamseisoen,
- c) Kuddeverhouding,
- d) Hoeveelheid weiding, en
- e) Tipe weiding.

Verdere tekorte kan aangevul word deur addisionele voer/graan/lupiëne.

KUDEVLOEI		Vul slegs hierdie selle in											
KUDE Samestelling													
	Januarie	Februarie	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Augustus	September	Oktober	November	Desember	Totaal / Jaar
Droë ooie													0
Dragtige ooie (Vroeg)													0
Dragtige ooie (Laat)													0
Lakterende ooie													0
Ramme													0
Jong Ooie (25-35)													0
Vervangings ooie (36-45)													0
Jong Hamels (25-35)													0
Hamels (36-45)													0
Lammers (15kg)													0
Lammers (20kg)													0
Lammers (25kg)													0
Totaal (Diere)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Droëmateriaal produksie		Pas aan n.a.v. omstandighede											
Droë Materiaal BEHOEFTE Berekening													
	Januarie	Februarie	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Augustus	September	Oktober	November	Desember	Totaal / Jaar
Droë ooie	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Dragtige ooie (Vroeg)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Dragtige ooie (Laat)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Lakterende ooie	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Ramme	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Jong Ooie (25-35)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Vervangings ooie (36-45)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Jong Hamels (25-35)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Hamels (36-45)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Lammers (15kg)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Lammers (20kg)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Lammers (25kg)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Totaal (Diere)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

	Januarie	Februarie	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Augustus	September	Oktober	November	Desember
DMEDICS	31	28	31	30	31	30	31	496	682	1050	922	510
Hektaar					270	310	300					
Totale Produksie	Kg/maand	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
LUISERN												
Hektaar												
Totale Produksie	Kg/maand	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
LUPIENE												
Hektaar												
Totale Produksie	Kg/maand	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
HAWER												
Hektaar												
Totale Produksie	Kg/maand	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Totale DM Produksie		0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

C.2. Kruipvoer

Kruipvoeding het baie voordele en kan help om die druk op die ooi te verminder. Dit kan verder help om die lammers so gou as moontlik markgereed te kry en kan hulle van die plaas af kom sodat dit minder druk op die voervloei plaas. Lamtyd kan dus so beplan word dat in maande wanneer baie weidings beskikbaar is gelam word.

KRUIPVOERMENGSELS

Grondstowwe	Mengsels		
	1	2	3
SS200 (kg)	150	150	200
HPK36 (kg)	100	100	150
Melassemeel (kg)	80	80	80
Mieliemeel (kg)	675	575	550
Fyn lusern (kg)	-	100	-
Totaal (kg)	1005	1005	980

Mengsel 3 is veral goed vir Angoralammers en Skaaplammers waar hoë groei verlang word en waar koksidiöse 'n probleem is.

C.3. Voerkrale

Voerkrale kan ook gebruik word om lammers af te rond en markgereed te kry. Die mielieprys het 'n groot invloed, asook of jy moontlik van die grondstowwe self kan produseer soos gars, mielies, ens. 'n Duimreël om te gebruik om te kyk of "voer" die moeite werd is:

<u>Voer van Skape</u>		
Teen watter prys moet ek stop om te voer?		
<u>Duimreël: Vleis/Graan verhouding - 1:14</u>		
	Skaap	Bees
Huidige vleisprys per kg (Karkas)	R 41.00	28.45
Huidige graan (mielie) prys per ton	R 2 150.00	R 2 150.00
Huidige graan (mielie) prys per kg	R 2.15	R 2.15
Vleis/Graan verhouding	19.1	13.2
< 14 = Moenie voer nie.		
> 14 = Winsgewend om te voer		

Bogenoemde is net 'n riglyn en is 'n deeglike berekening nodig indien dit lyk of dit die moeite werd is. Indien jy self jou grondstowwe produseer kan dit baie in jou guns tel.

D. Bestuur van Veeverliese

❖ Bestuurs beginsels

- Verskaf skuiling, veral in winter maande teen reën en koue,
- Ent lammers op 6-8 weke vir inwendige parasiete.

❖ Predasie

- Inligting en bestuursprogram van monitorplase.
- Koste en lys van beskikbare beheer metodes.

E. Bestuur van Wolskeersel

- ❖ Skeerhokbeplanning vir verhoogde produktiwiteit, regte toerusting en personeel,
- ❖ Skeersel analise – gebruik vorige skeersel om hooflyne uit te lê en analiseer skeersel resultate om die klasseringstandaard te monitor.

E.1. Voordele van mid-somer skeer

- ❖ Skape vind baat by skeer veral wanneer weidings min en van 'n swak gehalte is. Midsomerskeer in die Winterreënstreek kan die volgende voordele vir ons inhou:
- ❖ Deur 'n Maart-Junie lam gedurende die droë somermaande te skeer, kan wolprodusente 'n verhoogde wolproduksie van ± 1 kg oor die periode van een jaar per lam verwag.
- ❖ Skape word gestimuleer om meer te vreet (van die swakker en laer gehalte voer beskikbaar) met die gevolg dat jongooitjies beter en goedkoper uitgroei.
- ❖ Dit het 'n prikkeleffek op ooie wat bestem is om in die winter te lam.
- ❖ Ooie wat bestem is om gedurende Maart te lam deel in die bogenoemde voordele en sal beter instaat wees om haar lam ekonomies te versorg as wat die geval sal wees met ooie wat bv. in Augustus geskeer is.

Algemene higiëne

E.2. Voorbereiding vir skeer

- ❖ Wolskaap kuddes word afsonderlik van kruisras skape geskeer.
- ❖ My krale en vangkrale is skoon van jute, polipropileen sakke en baaltou.
- ❖ My skeerhok is skoon van voëlneste, jute-sakke, baaltou, velle en chemiese middels.
- ❖ Ek is seker dat my skeerhok vloer skoon is van olie en chemiese stortings.
- ❖ Ek het voldoende vuilgoed houers in my skeerhok.
- ❖ My wolbakke is goed afgeskort.
- ❖ My wol kan altyd drooggehou word.
- ❖ Alle merkstowwe is voor skeer van my skape afgeknip.
- ❖ Boetebos is voor skeer van my skape verwyder.

E.3. Inspeksies voor skeer

- ❖ Ek het nie besems in my skeerhok wat besoedeling kan veroorsaak nie.
- ❖ Ek maak seker dat baaltou nie aan/op skêre en skeermasjiene gebruik word nie.
- ❖ Skoenveters en lyfbande van skeerders is nie van baaltou nie.
- ❖ Ek het 'n stelsel in plek om swart/bruin kolle tydens skeer te identifiseer.
- ❖ Ek gee spesifiek aandag daaraan om my honde uit die skeerhok te hou.
- ❖ Ek is tevrede dat my hooflyne goed geklasseer word.
- ❖ Ek is tevrede dat my onderlyne goed geklasseer word.

E.4. Verpakking

- ❖ Ek het my wolsakke voor skeertyd buite die skeerhok uitgeskud.
- ❖ My baalhakke en penne is skerp.
- ❖ Split/Bin-baal verdeling is van papier.
- ❖ Ek gebruik slegs goedgekeurde Nylon wolsakke.

E.5. Skeerhok higiëne

- ❖ Moenie dooie diere in die skeerhok afslag nie.
- ❖ Moenie siek diere in die skeerhok aanhou nie.
- ❖ Moenie velle in die skeerhok droog of stoor nie.
- ❖ Na skeer moet alle wol na verpakking verwyder word en skeertoerusting moet skoongemaak word.

E.6. Ontsmettingsprosedure

- ❖ Skeerders moet gereeld skoon aantrek – 'n reël wat veral tussen plase geld.
- ❖ Die skeerhok moet ± 7-14 dae voor skeer ontsmet word (was en spuit en skeeroppervlakte en krale waar die afgeskeerde skape staan met 'n 3-5% Formalien oplossing).
- ❖ Elke skaap moet met 'n ontsmette skêr geskeer word.
- ❖ Ontsmet sker as 'n abses raakgeskeer is.

E.7. Volgorde van skeer

- ❖ Jongskape moet eerste geskeer word. Die praktyk voorkom die verspreiding van absesse ens.
- ❖ Skeer nie-woldraende rasse apart en let wel, nadat die wolrasse klaar geskeer is. Verkieslik nie in dieselfde skeerhok nie.

F. Besoedeling (Clip Fault) advies

Rooi = Belangrikste/grootste probleem

Foute (Sleutel):

1. Mixed lengths (>20mm variation in the line)

- Klassering – Kom in skeerskuur
- “Blending” – Gooi slegs lengtes <20mm verskil van kortste tot langste in ‘n bin. Bv. AM en BBM, merk dan BBM. AM en BM se variasie is meer as 20mm.
- “Blending” – SPLIT bale; merk ordentlik
- Afstande tussen Skeerder => klasseertafel <5 meter
- Afstand tussen Klasseertafel => wolbins < 5 meter
- c en d is om die vloei van wol van skeerder tot in bins te vernel om oorhaastigheid en die gevolglik, gooi van wol in die verkeerde bin te verminder.



2. Mixed quality (poorly skirted)

- Klassering – Kom in skeerskuur
- Afstande tussen Skeerder => klasseertafel <5 meter
- Afstand tussen Klasseertafel => wolbins < 5 meter
- c en d is om die vloei van wol van skeerder tot in bins te vernel om oorhaastigheid en die gevolglik, gooi van wol in die verkeerde bin te verminder.

3. Sweaty pieces in main line

- Klassering – Kom in skeerskuur. Skeerder moet regte skeerproses volg en stukkie werkers moet sorg dat die skeeroppervlak voortdurend skoon is van LOX stukkie.

4. Piece and belly lines urine/dung stained

- Klassering – Kom in skeerskuur. Skeerder moet regte skeerproses volg en stukkie werkers moet sorg dat die skeeroppervlak voortdurend skoon is van LOX stukkie.

5. Contamination: Baling twine, plastic

- Geen baaltou in skeerskuur of krale nie!!! Probeer verhoed om dit enigsins te gebruik naby die skeerskuur.
- Geen baaltou op skeertoerusting of die klere van skeerders nie.
- Geen swepe gevleg van baaltou nie. Plaas alle baaltou op ‘n spesifieke plek neer en verbrand dit weekliks.
- SPLIT bale-gebruik bruin papier of koerant papier. GEEN voersakke NIE!
- Dop wolsakke om en skud goed uit voor verpakking



6. Black hair

- Teling – kyk of swart vesels in kudde voorkom,
- Kruisteling? Skeer eers skoon wol-tipes, daarna kruisrase,
- Moenie kruisteling met kemp rasse doen nie,
- Kempdraende rasse moet gladnie in dieselfde krale as wolskape hanteer word nie,

7. Kemp/medullated fibre

- a. Teling – kyk of ongewenste vesels in kudde voorkom,
- b. Kruisteling? Skeer eers skoon wol-tipes, daarna kruisrase
- c. Geen honde in die skeerskuur
- d. Moenie kruisteling met kemp rasse doen nie
- e. Kempdraende rasse moet gladnie in dieselfde krale as wolskape hanteer word nie

8. Contamination: Paint, marking ink

- a. Merk op kop en nie op wol nie,
- b. Skeer merkstowwe af voor die skeerproses begin
- c. Moet nooit gewone verf gebruik nie, gebruik liever merkink vir skape.

9. Contamination: Cigarette butts, etc.

- a. Skeerskuur moet skoon wees voordat skeerproses begin
- b. Plaas 'n asblik net buite die skeerskuur, weg van die heersende wind
- c. Gebruik 'n rubber of hout besem

10. Contamination: Other

- a. Geen honde in skeerskuur
- b. Geen goiingsakke as vloermatjies nie



G. Belangrike inligting: Riglyne vir veeboerdery

- Reproduksie en teling inligting
- Hoe interpreteer ek BLUP syfers?
- Hoe interpreteer ek 'n wolafrekeningstaat
- En nog vele meer. Beskikbaar by NWKV Kantore...